Die Wet op Billike Werksgeleenthede is van

toepassing op alle werkgewers, maar "aangewese werkgewers" (wie aan die minimum vereistes voldoen) het addisionele verpligtinge. Maak seker u weet wat van u verwag word en dat u aan hierdie wet voldoen. **Die LWO kan werkgewers bystaan om aan hierdie verpligtinge te voldoen - kontak ons by 086 110 1828 vir 'n kwotasie.**

LWO
WERKGEWERSORGANISASIE
EMPLOYERS ORGANISATION

Is u 'n "aangewese werkgewer"?

'n "Aangewese werkgewer" is enige werkgewer met 50 of meer werknemers, OF 'n totale jaarlikse omset van:

- Landbou — R6 miljoen
- Mynbou en Steengroewe — R22.5 miljoen
- Vervaardiging — R30 miljoen
- Elektrisiteit, Gas en Water — R30 miljoen
- Konstruksie — R15 miljoen
- Kleinhandel, Motorhandel en Hersteldienste — R45 miljoen
- Groothandel, Kommersiële agente en Geallieerde handel - R75 miljoen
- Spyseniering, Akkommodasie en ander Handel — R15 miljoen
- Vervoer, Stoor en Kommunikasie — R30 miljoen
- Finansies en Besigheidsdienste — R30 miljoen
- Gemeenskaps-, Spesiale en Persoonlike dienste — R15 miljoen

Die Wet op Billike Werksgeleenthede het ten doel om onregverdige diskriminasie in die werksplek uit te skakel deur gelyke geleenthede en billike behandeling te bevorder.

Wat word verwag van 'n "aangewese werkgewer"?

"Aangewese werkgewers" het addisionele verpligtinge en moet sorg dra dat die volgende in plek is:

1. **Stel 'n Senior Billike Werksgeleenthede Bestuurder aan** om die Billike Werksgeleenthede Plan te ontwikkel, te moniteer en te implementeer (sien stap 7 hieronder). Hierdie aanstelling moet 'n permanente werknemer wees en direk aan die HUB van die besigheid rapporteer.
2. **Versamel inligting** - elke werknemer moet die EEA1 vorm voltooi wat die werknemer se ras, geslag, nasionaliteit en enige gestremdhede bevestig waar van toepassing.
3. **Skep billike werksgeleenthede bewustheid met betrekking tot alle werknemers** – alle werknemers moet bewus gemaak word en ingelig word met betrekking tot die doelwitte, inhoud en toepassing van die Wet op Billike Werksgeleenthede, die regulasies en Goeie Praktykskode.
4. **Vestig 'n Billike Werksgeleenthede komitee** om gereelde konsultasies te hou met betrekking tot die nakoming van die Wet op Billike Werksgeleenthede. Hierdie komitee moet verteenwoordigend wees van beide aangewese en nie-aangewese werknemers en alle beroepsvlakke. Vakbonde in die werksplek moet ook betrek word word en deel vorm van konsultasies.
5. **Hou gereelde konsultasies (ten minste kwartaalliks)** om die uitvoer van 'n analise, ontwikkeling van 'n plan en die indiening van verslae by die Departement van Arbeid te bespreek. Hierdie konsultasies moet gestruktureerd wees en gerekordeer word deur agendas, teenwoordigheidsregisters en notules van vergaderings gehou.
6. **Stel 'n analise saam (EEA12)** wat die volgende moet insluit:
   - Beleide en prosedures om die onderverteenwoordiging van aangewese groepe en 'n gebrek aan diversiteit in die werksplek aan te spreek
   - Werkswyses en faktore om billike werksgeleenthede te bevorder
   - Onderverteenwoordiging van aangewese groepe en beroepsvlakke
7. **Stel 'n Billike Werksgeleenthede Plan saam (EEA13)** wat die volgende inligting bevat:
   - Doelwitte vir elke jaar van die plan (die plan is geldig vir tussen een tot vyf jaar)
   - Regstellende aksiemaatreëls
   - Numeriese doelwitte om billike verteenwoordiging te bereik
   - 'n Tydrooster vir elke jaar
   - Interne monitering en evaluasie prosedure, insluitend interne dispuutoplossingsmeganismes
   - Geïdentifiseerde persone om die plan te implementeer en te moniteer
8. **Indien van Billike Werksgeleenthede Verslae (EEA2 en EEA4)** om te rapporteer rondom vordering met die implementering van die plan. Die rapporteringstydperk is 'n twaalfmaande periode (ons beveel die werkgewer se finansiële tydperk aan). Verslae kan elektronies op die Departement van Arbeid se webtuiste ingedien word voor 15 Januarie 2019.



Let wel: Indien 'n "aangewese werkgewer" nie aan hierdie verpligtinge voldoen nie kan 'n boete van tot R2.7 miljoen of 10% van die werkgewer se jaarlikse omset (wat ook al die grootste is) opgelê word.